
UITGAWE 18 | JAARGANG 22 | 8 NOVEMBER 2024



# VRY POS

## KONINKRYKSTYD

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

DIENS VAN BARMHARTIGHEID
*Die Kerk as Anker – HOOP vir die Toekoms*

## 05 ARTIKELS

05 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Afrika-Ekumene** | *Uitreik na ons mede-gelowiges in die Zambezi-streek - jy ontvang meer as wat jy gee*

06 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Islam Getuienisaksies** | *Waarom Moslem-leiers leer dat die Bybel gekorrupteer is*

07 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Kopanong Studentebediening** | *Kougom 2025: "Discover the Chosen"*

08 | ALGEMEEN
**Teologiese Opleiding** | *Hervormingsdag: 'n Verandering wat die wêreld geskud het*

09 | ALGEMEEN
**MANSGESONDHEID** | *Laat groei jou snor, Meneer – dis Movember!*

11 | ALGEMEEN
**Die Verlore Skapie** | *Kinders, staan nader - Leon, die skapie, is in lewende lywe hiér*

## 13 VERBI DIVINI MINISTER

EREDIENS NETWERK
**Janke Hurter** | *"In die naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees"*

## 14 CLARENS HERMITAGE

LEIERSKAP NETWERK | ***Bespreek vandag!***

## 15 UIT DIE FAKULTEIT

FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)
**Zoro Dube** | *"The academic field of religion and theology"*

## 16 EKOLOGIE

2024 | ***Gebruik minder plastiek*** *- dra positief by tot 'n skoner aarde*

## 17 MEDIATEEK

BOEK EN INVENTARIS
**Martin Schwella** | *Die Verlore Skapie*

## 18 VERJAARSDAE

## 19 AKTUEEL ALGEMEEN

19 | Kerkwees 200

21 | Advertensies

## 22 OPLEIDING

## 23 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 24 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 25 'N LAASTE GEDAGTE

Willie Griesel | ***Daders*** *van Koninkrykstyd*

## 26 KONTAK ONS


LOER | LEES | LUISTER | LEER

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Enrico Casaleggio | Marlou Strydom Ethan Kleynhans | Janke Hurter Bloemnuus | Zoro Dube | Willie Griesel | CLF | *Kerkbode* | TOIBO *VrydagNuus*, Kaapkerk | *Bybel-Media* | *Bybelgenootskap*

---

## KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

## DAGBOEK DÍT

***Blêr - Die Verlore Skapie***
*Boekbekendstelling- & pretdag*
16 November | 10:00 - 12:00
**Geloofsentrum Universitas**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 22 November**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za





# **Die Kerk as Anker –** HOOP vir die Toekoms

*Deur Mariëtte Odendaal*

*"Ek glo ons is op 'n manier almal nou weer 'in by die Here' en sien hoe Hy werk en besig is om die kerkgebou van 'n gemeente wat aan sy einde gekom het, te gebruik om iets nuuts te begin."*

***Dr Roelf Pienaar***
***Leraar: NG Kerk Vier Ankers Sasolburg***

By die NG Kerk Vier Ankers in Sasolburg is daar 'n besondere inisiatief wat op Donderdae 'n groot verskil aan baie mense se lewens maak. Dit word die Sentrum van Hoop genoem. By hierdie sentrum wil hulle die Goeie Nuus van nuwe hoop in Christus aan mense bring wat geval en seergekry het.

Daarom word daar nie net kos, klere of ander hulpmiddele by dié sentrum uitgedeel nie, maar daar word veral gepoog om met almal wat daar aanklop, 'n verhouding te bou. Ons het meer gaan uitvind by dr Roelf Pienaar, leraar van dié gemeente.

**Roelf, hoe het dit gekom dat julle gemeente nou elke Donderdag warm etes aan mense in nood verskaf?**

"Die aksie het maar klein begin, maar het intussen gegroei tot byna honderd mense wat nou op Donderdae by die Sentrum van Hoop kom saam eet. "Toe die besoekers nog min was, het almal wat daar aangekom het voor ete, sommer onder die bome of op die kerk se trappies sit en wag.

**Lees meer »**

*2 VBO-PUNTE*
*vir predikante se bywoning*

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

# "O DIE PYNGEDAGTE"

Die **hantering van die verlies** van 'n kind(ers) deur afsterwe of emigrasie

**SPREKERS**

*Egpaar, Hennie Louw (sielkundige) en sy vrou, dr Engela Louw (mediese dokter)*

*Hulle is self daardeur ...*



Woensdag **09:30 - 11:30**
**Engosaal**, Westerbloem

**13DE** NOV

*Skakel hier aanlyn in*
**tinyurl.com/4k6yahbr**

**WhatsApp "JA"** na **082 783 0730**
om te **RSVP voor 8 NOV**

© 2024 | NG Kerk Vrystaat

# Uitreik na ons medegelowiges in die **Zambezi-streek**

## *– jy ontvang meer as wat jy gee*

**Afrika-Ekumene**
*Deur Mariëtte Odendaal*




***Foto:** Samson is die lekeprediker in Iseke. Hy is nou 90 en van die begin af deel van die uitreik na die Caprivi (verskaf).*

"Tydens die laaste aand van ons besoek het een van die dogters getuig dat sy gedink het sy kom om iets te gee, maar dit wat sy daar ontvang het, was baie meer werd en kosbaarder as enigiets wat sy kon gebring het."

Die afgelope meer as dertig jaar is daar 'n groep wat jaarliks na ons medegelowiges in die Zambezi-streek (voorheen bekend as die Caprivi) uitreik. Ds Dries Cronjé, leraar van die NG Kerk Viljoenskroon, is al 15 jaar deel daarvan. Ons het meer daaroor by hom gaan uitvind.

**Wat is die doel van so 'n uitreik, Dries?**

"Tans gaan ons daarheen met die doel om die gemeentes daar te ondersteun. Ons dra finansieel by tot die lekepredikers se lewensmiddele en besoek hulle een maal per jaar.

"In hierdie tyd doen ons gemeentebesoeke, bid saam met die lidmate, bedien die Woord, speel met die kinders, skenk *Living Ball*-sokkerballe en leer hulle hoe om die evangelie aan hul maats te verkondig volgens die **Woordlose Boekie** waarvan die kleure op die sokkerballe uitgebeeld word."

**Wie was vanjaar almal deel van jul uitreik en wat het dit behels?**

"As gevolg van die Covid-pandemie was ons vanjaar vir die eerste keer ná vier jaar weer in die Zambezi-streek op besoek.

Lees meer »

**Islam Getuienisaksies**
*Deur dr Enrico Casaleggio*

# ISLAM

## Waarom Moslemleiers leer dat die Bybel gekorrupteer is

Mohammed het beweer dat hy 'n profeet van dieselfde God as die Christene en die Jode is. Om hierdie bewering te staaf, het hy hom op twee maniere op die Bybel beroep. Eerstens het hy gesê dat Jode en Christene kan weet dat hy 'n ware profeet is, omdat die Koran die leer van die Bybel bevestig: "O julle mense van die Boek! Glo in wat Ons geopenbaar het [die Koran], en bevestig wat met jou is [die Bybel]" (Koran 4:47).

Moslems hou graag die Koran voor as God se finale openbaring. Daar is dan volgens hulle drie testamente, naamlik die Ou Testament, die Nuwe Testament en die Koran (as die derde en finale testament). Die probleem is egter onder andere dat die Koran nie die leer van die Bybel bevestig nie, selfs nie eers in die mees algemene sin van die woord nie. Samuel Green[1] beeld dit treffend skematies as volg aan:

| BYBEL | KORAN |
|---|---|
| OU TESTAMENT (WET, PROFETE, PSALMS) – NUWE TESTAMENT (EVANGELIE) | MOHAMMED |
| 1500 JAAR | 23 JAAR |
| DIE MENS IS AS BEELDDRAER VAN GOD GESKEP | NEE |
| GOD IS DRIE-ENIG | NEE |
| GOD KOM WOON BY SY MENSE | NEE |
| DIE MENSDOM IS GEKORRUPTEER DEUR SONDE | NEE |
| DIE OFFER VIR DIE VERSOENING VIR ONS SONDE | NEE |
| VERBONDE MET NOAG, ABRAHAM, MOSES EN DAWID | NEE |
| EEN VERHAAL VAN VERLOSSING | NEE |

**Lees meer »**

[1] Green, S. 15 Februarie 2024. Understanding and Answering Islamic Criticisms of the Bible, in The Gospel Coalition, Australia Edition

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Dit kom uit 'n apologetiese hoek en die reeks sal uiteindelik uitkom by 'n antwoord op verskillende vrae wat Moslems vra, byvoorbeeld oor die Godheid van Jesus. Hier is nog 'n artikel in die reeks oor apologetiese gesprekke met Islam. Dit is 'n voortsetting van die vorige artikel se tema, naamlik dat Moslems beweer dat die Bybel gekorrupteer is.*

# Kougom 2025 *Discover the Chosen*

**Kopanong Studentebediening**
*Deur Marlou Strydom*

Met opwinding wat bou en voorbereidings wat ontvou, is Kopanong Studentebediening opgewonde om Kougom 2025: *Discover the Chosen* aan te kondig, 'n opwindende geleentheid vir voorgraadse studente om in Januarie 'n reis van vernuwing te begin. Met 'n nalatenskap van meer as drie dekades het Kougom 'n fondament geword vir studente wat hul geloof wil verdiep, blywende verhoudings wil bou en noodsaaklike vaardighede vir die universiteits- en grootmenslewe wil ontwikkel.

Hierdie jaar se tema, "Discover the Chosen", vat die kern van die Kougom-ervaring saam.

Dit dien as 'n herinnering dat elke student 'n unieke doel en roeping het. By Kougom word studente aangemoedig om hul identiteite in Christus te verken, hul potensiaal aan te gryp, en hul rolle as toekomstige leiers in hul gemeenskappe te erken. Die afgelope paar jaar het ongekende uitdagings vir studente meegebring, veral tydens die isolasie wat deur die COVID-19-pandemie veroorsaak is. Baie jong volwassenes het verlang na verbintenisse, ondersteuning en 'n gevoel van tuiskoms wat noodsaaklik is tydens hul oorgang na die universiteitslewe. Kougom 2025 mik daarop om hierdie gaping te vul deur 'n veilige en verwelkomende omgewing te bied waar studente kan saamkom, ervarings kan deel, van mekaar kan leer en in hul geloof kan groei.

**Lees meer »**

***Foto** verskaf*



# Hervormingsdag

## 'n Verandering wat die wêreld geskud het

**Teologiese Opleiding**
*Deur Ethan Kleynhans*

Hervormingsdag herinner ons aan 'n gebeurtenis wat 'n groot invloed gehad het op die verstaan van kerkwees, geloof en verlossing in die Christendom sedert die 16de eeu. Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther sy 95 stellinge in reaksie op die leerstellings en praktyke van die Roomse Kerk aan die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker. Hierdie daad het 'n simbool geword van die Protestantse Hervorming, aangesien dit die gebruike en leerstellings van die destydse Roomse Kerk direk uitgedaag het. Die stellinge het kritiek gelewer op kwessies soos die verkoop van aflate, en die kerk is opgeroep tot selfondersoek.

**"Die regverdige sal uit geloof lewe."**
– Romeine 1:17

Hierdie vers het Luther geïnspireer om terug te keer na die kern van die evangelie en die waarheid van verlossing deur geloof alleen (*Sola Fide*) te verkondig.

In die vroeë 1500's was die kerk en samelewing in Wes-Europa in baie opsigte problematies en gereed vir verandering. Die Roomse Kerk, die dominante godsdienstige instelling, het groot invloed oor mense se geloof, kultuur en selfs politieke strukture uitgeoefen. Korrupsie was volop, en die verkoop van aflate het die idee versterk dat verlossing gekoop kon word.

**Foto:** *Martin Luther (verskaf)*



**Lees meer** »

# MANSGESONDHEID

## Laat groei jou snor, Meneer – *dis Movember!*

**Algemeen**
*Deur Mariëtte Odendaal*

Die hele Novembermaand word jaarliks geoormerk om op mansgesondheid te fokus. Hierdie bewusmakingsveldtog word Movember genoem. Prostaatkanker en depressie onder mans neem wêreldwyd toe en verdien baie meer aandag as wat dit tans kry. Statisties is mans geneig om minder aandag aan hul fisieke gesondheid, maar veral ook hul geestesgesondheid te gee; hulle behoort hul gesondheid baie ernstiger op te neem.

**Van waar, Gehasi?**

Movember het in 2003 in Australië ontstaan toe 'n groep vriende besluit het om snorre te kweek om bewusmaking oor prostaatkanker en depressie onder mans te bevorder. Sedertdien het dit ontwikkel tot 'n wêreldwye beweging met miljoene deelnemers en ondersteuners. 'n Snor is natuurlik nie 'n vereiste as ondersteuner van hierdie lewensbelangrike bewusmakingsveldtog nie, maar jou deelname aan die veldtog kan wêreldwyd 'n groot verskil maak.

**Neem aksie**

- Neem foto's van jou snor en deel dit op jou sosialemedia-platforms as simbool van solidariteit met hierdie bewusmakingsveldtog; **met 'n skeutjie humor kan dit pret word.**
- Versprei jou eie verhaal en moedig ander mans aan om ook deel van die Movember-inisiatief te word.



**Foto:** Canva

Lees meer »

VISIONERING

# Vroue Toerustingskamp

**FEBRUARIE 2025**

# WEES stil & weet

*Psalms 46:11*

## Amanzi

***Private Game Reserve***

**21 - 23 Februarie 2025**

## Aanbieder

***Prof Stephan Joubert***

## Besprekings

***Marietjie van der Merwe***

**076 113 9601**

**vrouelidmate@gmail.com**

vb

**VROUEBEDIENING**

NG Kerk
Vrystaat

# Kinders, staan nader

## *- Leon, die skapie, is in lewende lywe hiér*

**Algemeen**
*Oorgeneem by Bloemnuus, 7 November*

'n Skapie wat sommer vinnig diep in die kinders se harte gaan kruip, kuier op Saterdag 16 November by die Geloofsentrum Universitas in Bloemfontein




*Martin Schwella, skrywer van* ***Die Verlore Skapie*** *en Leon, die skaap, is reg vir die opwindende avontuur op Saterdag 16 November, wanneer die nuwe boek by die Geloofsentrum Universitas bekendgestel word.* ***Foto: Lientjie Mentz***

Lees hier »



# Kaartjies is by die deur beskikbaar!

BLÊR

# DIE VERLORE SKAPIE

deur MARTIN SCHWELLA

Geloofsentrum
WORSHIP AANBIDDING | HEALING HELING | GROWTH GROEI | SERVING DIENS
CENTRE OF FAITH

**16 November | 10:00 - 12:00**

## *Bespreek jou kaartjie*

Quicket
EXPERIENCE AWESOME

https://qkt.io/awxstK



# Boekbekendstelling & pretdag

**R120 per kind | R50 per volwassene**

Kom en skud jou wolle rond en dans saam met Leon, die verlore skapie en Blêrs

**Navrae: 051 406 6700 | carlie@ngkvs.co.za | cmclean@ngkvs.co.za**

NG Kerk Vrystaat | SCHINK | JONK | CLF



# “In die naam van die **Vader**, en die **Seun** en die **Heilige Gees**”

*Deur **ds Janke Hurter**, Erediens Netwerk*

Ek lees eenmaal hoe iemand die doop en die ingroei in die doop-identiteit wat daarmee saamhang, beskryf deur na die dooprok te verwys. Die persoon verduidelik dat die dooprok eintlik heeltemal te groot behoort te wees vir die kindjie omdat die doop juis iets is waarin ons ingroei.

Op 26 Oktober het die groep belydeniskatkisante hier in ons gemeente belydenis van geloof afgelê. Met hierdie geleentheid, wat oor twee dae gestrek het (met Sondag se Nagmaaldiens ingesluit), is ons in hierdie twee dae met beide sakramente – die doop en die nagmaal – bedien, gevoed en versorg. Hier staan ons nou aan dié kant van die doop, aan dié kant van die Nagmaal. Wat gebeur aan die kant van die doop? Of eerder wat gebeur nog nie, en wat sal ons graag aan die kant van die doop wil sien gebeur? wonder ek vir ’n oomblik.

Die vraag na wat dié kant van die doop gebeur, word in die boek *Ontdekkings in die erediens* deur Johan van der Merwe as volg verwoord: Wat beteken dit om in die nuwe identiteit in Christus wat Christus vir ons gee met ons doop, in te groei?

Of dan, wat beteken dit om in die “dooprok” in te groei? Volgens Van der Merwe (135) is die vraag nie “watter doop” nie. Die vraag is eerder wat beteken dit om ons identiteit as gedooptes uit te leef in ’n wêreld wat ons ander name noem as die Naam van die Vader, Seun en Gees waarin ons gedoop is. (Ons kan tog so gou vergeet wie ons is. Luther moedig ons aan om elke more die teken van die kruis te maak en te sê: “In die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees”). Van der Merwe (136) verduidelik dat die doop nie ’n sagkense salwing is wat alles aan die babatjie mooi, skoon en onskuldig maak nie, maar dat dit eerder ’n verdrinking, ’n brutale sterwensproses is.

**Lees meer** »



***Foto:** Ds Janke Hurter (verskaf)*

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK




**Ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

PSALM 34:8 "TASTE AND SEE THAT THE LORD IS GOOD; BLESSED IS THE ONE WHO TAKES REFUGE IN HIM."

Clarens HERMITAGE

her·mit·age | 'hər-mə-tij

A place or period of seclusion.

"Clarens se weergalose stilte omvou 'n mens in die nag sodat die dag se ervarings diep gebêre word en 'n mens se siel kan rus."

**Bespreek »**

**24 - 28 NOVEMBER**



# BESPREEK NOU
# JOU ERVARING

BEDIENINGSBEGELEIDING

Postgraduate Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# The academic field of religion and theology

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Prof Zoro Dube**
*Head of Department of Religion Studies, UFS*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | University of the Free State / Universiteit van die Vrystaat / Yunivesithi ya Freistata — UFS Theology and Religion

The study of religion - its permutations, influence and intersectionality with other social sciences such as politics, economy and culture has been a fascinating topic of discussion that lured, baited me to the academic field of religion and theology. I come from a reformed tradition, specifically, a presbyterian minister. During my undergraduate studies at the University of Zimbabwe, I was exposed to the basic phenomenological and comparative study of Religion and, since then my interest in the field grew. I completed my master and PhD at the University of Oslo, Norway, 2007 and 2010 respectively. Here, I was exposed to various interdisciplinary perspectives and critical tools in the study of religion.

My first academic career in 2010 was at the University of South Africa (UNISA) and later, in 2013 till 2020, I relocated to the University of Pretoria. From 2020 until recently 2024, I was teaching at VID specialised University, Stavanger, Norway. I was privileged to be exposed to best pedagogical and research practices. I like to be challenged and, to me, UFS presents a challenge of rebuilding the Department of Religion Studies - repositioning it as a site of academic excellence through research, collaboration and internationalisation.

Students who choose the field of religions studies disentangle the dogmatic confirm of theology by looking at religion through interdisciplinary lenses.

In general, religion is an overarching canopy that, implicitly, influences our perception of reality - our ideas about self, society, gender, economy and politics. Studying religion is placing oneself as an interdisciplinary scholar with a sharp eye on various social formations, practices, values and beliefs. Besides being a scholar of religions studies, specialisation in religions studies offers critical skills to dialogue with other disciplines such as psychology, anthropology and sociology. Furthermore, our students are able to pursue or work as consultancy, peace and conflict resolution consultants, chaplains and/or teachers.

Read more »



# Gebruik minder plastiek

## dra positief by tot 'n skoner aarde

***Deur** Mariëtte Odendaal*

Is jy dalk al moeg daarvan om gedurig te hoor hoe belangrik dit is om minder plastiek te gebruik? Wel, moet nooit daarvoor moeg word nie; raak wakker en begin daadwerklik iets daaraan doen.

**Waarom is dit so belangrik om minder plastiek te gebruik?**

Plastiek neem honderde jare om af te breek. Dit het dus 'n langtermyn-impak op stortingsterreine en natuurlike habitatte. Mikroplastiek fragmenteer en dring uiteindelik ons water- en voedselbronne binne, wat gesondheidsprobleme kan veroorsaak. Dit is by uitstek belangrik om mikroplastiek in ons voedselketting te verminder. Groot supermarkte maak hulle veral skuldig aan die oormatige gebruik van plastiek. Plastiek word meestal van fossielbrandstowwe gemaak en stel kweekhuisgasse vry tydens produksie en verbranding; iets wat grootliks tot klimaatsverandering bydra en drasties verminder moet word.

Lees meer »





***Oorgeneem uit*** *shop.clf.co.za*

In ***Die Verlore Skapie*** ontmoet ons vir Leon, die lammertjie wat nuut is in Blêrfontein. Daar maak hy 'n nuwe vriend, Tjoppie, maar ontmoet ook die nare Jan Jakkals en sy held, Armach Breytenblaf, wat hom red. Leon leer bid, sing, hoe om die Bybel te lees en om vir ander om te gee. Hy gaan kerk toe, woon Sondagskool by en help selfs pannekoek bak by die kerk se basaar. Deur hierdie avonture leer Leon ook van die Herder, die Een wat hom liefhet.

Hierdie boek het pragtige illustrasies en 'n boeiende storielyn wat kinders én volwassenes sal geniet. *Die Verlore Skapie* is ook beskikbaar op Spotify, saam met die liedjie **"Ek behoort aan Jesus"** wat spesiaal vir hierdie verhaal geskryf is. *Die Verlore Skapie* is ideaal vir kinderkerk, Sondagskool, kinderdienste, of vir ouers wat saans vir hul kinders wil lees.




## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## NOVEMBER

Ds Marthiens Heymans
**BLOEMVALLEI**
**08**

Ds Leon Oosthuizen
**LANGENHOVENPARK**
**09**

Dr Jan de Man
**VILJOENSDRIF/TAAIBOSSPRUIT**
**12**

Mev Naomi Sereeco
**MOOIGENOEG KAMPTERREIN**
**12**

**12**
Dr Gretha Heymans
**FAURESMITH**

**13**
Ds Fanus Coetzee
**SENEKAL**

**16**
Ds Gerrit Strydom
**REITZ**

**21**
Ds Ulrich Ohlhoff
**HARRISMITH**

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# Kerkwees 200

## 'n Tyd van Herdenking en Hoop

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

## GEBED

Dié refleksie sluit in die viering van die mooi sowel as om te bely dat die kerk foute gemaak het. Soos verwoord in 'n lament-gebed voorgelees deur ds. Marietjie Steyn, ook van Groote Kerk.

**Lees volle gebed**

**Kyk na erediens**








## FEESBOEKBEKENDSTELLING

Die feesboek ***Tweehonderd Genadejare*** is Vrydag 1 November tydens 'n spesiale geleentheid by Durbanville Moedergemeente bekendgestel. Marinus Theron van die Wes-Kaapse sinode het die skriflesing en gebed gelei, terwyl Jan Lubbe, voorsitter van die Algemene Sinode, 'n historiese oorsig gegee het. Daarna het argiefbestuurder Andrew Kok en sy medewerkers 'n samevatting oor die spesiale uitgawe gegee.

Eksemplare is aan al die teenwoordige moderators van die Wes-Kaap oorhandig. (van links na regs): Kobus van der Westhuyzen, Nelis Janse van Rensburg, Coenie Burger, Braam Hanekom en huidige moderator Marinus Theron.

Boekbekendstelling










Bestel hier

## Tweehonderd genadejare 1824-2024: Die verhaal van die NG Kerk in Suid Afrika

Met die viering van die eerste sitting van die Algemene Kerkvergadering in 1824, het die NG Kerk in Suid-Afrika Argief hierdie gedenkboek saamgestel. Die gedenkboek gee nie net 'n kortlikse geskiedenis van die Kaapse Kerk nie, maar bied ook insig oor wye aspekte van die Sinode van Wes-Kaapland se werksaamhede, soos sending, kerkeie opleiding, onderwys, Bybelvertaling, maatskaplike sorg, musiek en nog meer. Die boek kan per e-pos by die Argief bestel word en kos R650.00 plus posgeld.




## Geskiedenis van die Hervormde Kerk: 1824-2024

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika vier ook hierdie jaar hulle 200ste herdenking met 'n gedenkboek deur W.M. Dreyer. Ontdek die ryk geskiedenis van die Hervormde Kerk van 1824 tot 2024, met 'n diep blik op twee eeue van selfstandige kerkwees. Die boek kan per e-pos by die Argief bestel word en kos R250.00 plus posgeld.

Bestel hier




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## PASTORALE SORG EN KRISIS INTERVENSIE

Jaarkursus

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## KURSUSSE WAT VIR JOU 'N NUWE DEUR OPEN

Jaarkursusse

55 VBO-punte

Via afstandonderrig
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## JAARKURSUS KINDERS EN JONGMENSE

Pastorale Sorg

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## ALFA PASTORALE OPLEIDING

2025

120 VBO-punte

Slegs 30 studente word per jaar gekeur

Lees meer +
**Registreer** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE

Loer hier na ander sinodalestreke se nuus

Bybel-Media




## Publikasie

*Vind God in die gewone*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*




## Publikasie

*Die geskenk*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*




## Publikasie

*Psalms vir kleingoed*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Lubbe by viering: Mag ons nóg 200 jaar gehoorsaam bly**
*Kerkbode / 5 November 2024 / Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

**Teoloog Rowan Wiliams besoek SA | Solidariteit gaan met kwesbaarheid gepaard, sê voormalige aartsbiskop van Kantelberg**
*Kerkbode / 4 November 2024 / Chris Jones*

**Brief | Oplossing vir vasgelooptheid: Skuif na 'n sinode met wie se beleid julle saamstem**
*Kerkbode / 4 November 2024 / Briewe, Gewild*

**Getuienis op Hervormingsdag, 31 Oktober 2024**
*Kerkbode / 1 November 2024 / Gewild, Verklarings*

**Artikel 32: Prosedure vir gemeentes wat by ander sinodes wil inskakel**
*Kerkbode / 1 November 2024 / Gewild, Verklarings*

**Mzwandile Molo: Samewerking is 'n geskenk, hoor ASM**
*Kerkbode / 30 Oktober 2024 / Nuus*
*Le Roux Schoeman*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2024

**ADVERTEER AANLYN** HIER

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

NUUT

kerkbode

**Kalender** | Interaktiewe Dagboek

NUUT

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus | VRYSTAAT

**Ds Johannes Rossouw** is vanaf 1 November 2024 tot 31 Oktober 2026 in 'n vaste termyn kontrakpos by NG Gemeente Marquard aangestel.

# **Daders** van Koninkrykstyd

***Deur ds Willie Griesel,***
*leraar van NG Gemeente Hertzogville*



**Foto:** *Ds Willie Griesel (verskaf)*

*17* ***"So gaan dit ook met die geloof: As dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood."***

Jakobus 22:17 AFR83

In hierdie tyd van die liturgiese jaar, staan ons stil by Koninkrykstyd.

Dit is die tydperk ná Pinkster tot en met Advent wat in die kerkjaar bekend staan as Koninkrykstyd. Dit gaan in Koninkrykstyd daaroor dat die heerskappy van die drie-enige God; Vader, Seun en Heilige Gees, sigbaar sal wees in elke faset van ons lewe.

*"So gaan dit ook met die geloof: As dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood."*

Ons word herinner aan die roeping om die gawes wat ons tydens Paasfees en Pinkster gevier het, in ons alledaagse lewe uit te leef. Deur ons optrede moet die koms van God se koninkryk sigbaar gemaak word deur ons betrokkenheid by die materiële, geestelike en emosionele nood in die wêreld.

Koninkrykstyd herinner ons telkens aan die eenheid en interaksie tussen wat ons bely en hoe ons lewe, tussen die teks en ons konteks, tussen kerk en wêreld, tussen woord en daad.

Ek wil graag kyk na die gedeelte van
2 Timoteus 4:1-5:

1. Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap:

2. Verkondig die Woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee,

3. want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor.

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING